

DIE KRUIEKONINGIN VAN DIE GROOT-KAROO

Antoinette Pienaar, Afrikaanse sangeres, aktrise en radio-persoonlikheid, loop al 17 jaar lank saam met oom Johannes Willemse, 'n Griekwa-kruiedokter, in die veld op Beaufort-Wes. In haar nuutste boek, *Die lang man sonder skaduwee*, kyk sy hoe stories kan help om die hart te genees.



Jy is 'n kind van die Groot-Karoo, daar van Carnarvon se wêreld. Wanneer het jy begin belang stel in Karoorkruie? Hoe het dit jou lewensroeping geraak om mense se "lywe en siele" te genees met kruie?

As kind het ek al die weet gehad dat ek eerstens in die veld moet wees en tweedens die bossies se name moet leer ken en weet wat hulle is.

Sondae het my mamma-hulle ons uitgevat plase toe om vir die ou mense te gaan kuier, dan staan ons vyf susters in 'n ry en sing 'n Psalm vir die mense. As ons klaar is, vra hulle ons altyd wat ons wil word. Die oudste sê sy wil 'n dokter word, die volgende 'n lugwaardin . . . dan kom hulle by my en ek sê ek wil in die veld gaan bly saam met 'n ou skaapwagter.

Van my eerste onthou af het ek dit gesê, dan is almal woedend vir my, want ek maak al weer stories op. Daarna het ek met 'n ompad gaan drama studeer en konserte gehou, maar vandat ek siek geword het (sy het serebrale malaria in Mali opgedoen), het ek besef ek is besig om dood te gaan en ek moet nou iets daaraan doen.

Jou kennismaking met oom Johannes Willemse, 'n Griekwa-medisyne, was dus 'n tweede kans. Hoe het julle mekaar ontmoet en het jy geweet hy gaan jou lewe in 'n nuwe rigting stuur?

Oom Johannes was jare lank 'n legendariese ongedierte-jagter op my kleinneef se plaas, Theefontein, waar ons nou woon. Hy het jakkals en rooiikat gevat en vir maande op sy spoor geloop voor hy 'n strik gestel het.

Toe ek destyds nog konserte gehou het, het ek van November tot einde Januarie altyd Theefontein toe gekom, want ek wou nie dan meer konsert hou nie omdat die mense se energie te gek is. Oom Johannes het altyd

van April tot Oktober gekom. Vir ten minste sewe, agt jaar het hy gesien hier lê hondedrolle op die werf, dan vra hy vir Jacques (haar kleinneef) wie bly hier met honde. En ek sien die strepies teen die huisie se mure soos die oom die weke aftel, dan wonder ek wie bly daar as ek nie hier is nie.



BO: Die lang man sonder skaduwee het pas by Umuzi verskyn. Hierin ondersoek Antoinette Pienaar die genesende krag van ou stories, raaisels en rympies, want dikwels het liggaamlike probleme 'n emosionele oorsaak.

REGS: Antoinette Pienaar het al "van haar eerste onthou af" vir mense gesê sy gaan eendag in die veld bly saam met 'n ou skaapwagter. Die afgelope 17 jaar is sy oom Johannes Willemse, 'n Griekwa-medisyne, se vakleerling. Sy het 'n "vae vermoede" sy gaan eendag oom Johannes se kleinseun oor veldkruie leer. FOTO: JOANNE OLIVIER

Op 18 Mei 2001 het ek vir Wilna, Jacques se vrou, gebel en gevra of ek die volmaan op die plaas kon kom kyk. My ouma Maggie is op die plaas gebore en ons het 'n besondere verbintenis met Theefontein. Wilna het gesê ek kon kom, maar daar is 'n ou jagter op die werf en hy is baie kwaai; ek moenie nonsens met hom soek nie.

Toe ek op die plaas aankom en ek sê vir hom: "Middag, Oom. Ek is ook 'n Pienaar" het hy geantwoord: "En Juffrou kom nou eers hier aan." Hy't my in sy gesiente gesien vandat ek sewe jaar oud is. Vir 30 jaar het hy gewag dat ek moet kom. Ek is nie vir 'n moment spyt dat dit so lank gevat het nie, want dit het my voorberei vir wat hier lê. Toe ek by hom kom, was Oom Johannes al getemper deur die lewe en ek het kort tevore uit die dood opgestaan. Ek was *extremely* getemper. Ons was op die regte plek.

Nou is jy al 17 jaar lank 'n vakleerling van oom Johannes. Waar kom sy kennis vandaan?

Hy het by oupa Hansie – sy pappa se pappa – geleer. In die Griekwa-tradisie leer die oupa die oudste kleinseun, want 'n pa is ook maar kwaai en 'n oupa het meer genade met die kleinseun.

'Oom Johannes het my in sy gesiente gesien vandat ek sewe jaar oud is.'

